



Verwysing: 20210525-3302  
Lêerno.: 12/12/13/1  
Navrae: D Louw

Omsendbrief: 0042/2021  
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Bestuur en Beheer (distrikskantore), Adjunkdirekteure: Korporatiewe Dienste (distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale van openbare skole en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Om te verseker dat daar gepaste opleidings- en ondersteuningsprogramme vir beheerliggaamlede is, met die klem op die rol wat hulle speel om 'n leeromgewing van gehalte te skep.*

### Onderwerp: Opleiding van beheerliggame

1. Die afdeling wat handel oor die opleiding van beheerliggaamlede, soos vervat in Omsendbrief 0039/2019 van 16 Oktober 2019, word hiermee herroep.
2. Risikoverslae dui aan dat die gebrek aan opleiding of behoorlike opleiding van beheerliggaamlede daartoe lei dat hulle hul rolle nie behoorlik begryp nie en dus nie so doeltreffend as moontlik kan wees nie.
3. **Beskikbare opleidingsmetodes vir beheerliggame**
  - 3.1 In ooreenstemming met artikel 19(1)(a) en (b) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996), het die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) 'n program ingestel om inleidings- en voortgesette opleiding aan lede van beheerliggame te verskaf ten einde die doeltreffende uitvoering van hul werksaamhede te bevorder en om hulle in staat te stel om bykomende werksaamhede aan te neem.

- 3.2 Die volgende beheerliggaamverenigings bied opleiding aan beheerliggame oor verskeie onderwerpe betreffende skoolbestuur:
- a) Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (FEDSAS)
  - b) Beheerliggaamstigting
  - c) Spesiale Onderwysvereniging van Suid-Afrika (SANASE) (opleiding betreffende spesiale behoeftes).
- 3.3 Die WKOD sal op 'n deurlopende basis verseker dat prinsipale en ander beamptes van die WKOD alle nodige hulp aan beheerliggame in die uitvoering van hul funksies verleen.
- 3.4 Alle beheerliggaamlede word hiermee versoek om opleidingsessies (in ooreenstemming met artikels 19(1)(a), (b) en 19(2) van die SASW) wat deur die WKOD en/of enige erkende beheerliggaamvereniging aangebied word, by te woon om te verseker dat hulle hul funksies verrig, soos vereis deur die SASW en enige provinsiale wetgewing.

#### 4. **Boekstaving van opleidingsintervensies**

- 4.1 Wanneer 'n lid van die beheerliggaam 'n opleidingsessie bywoon, is die veronderstelling dat hy/sy vir die duur van die opleidingsessie aanbly en verseker dat hy/sy die bywoningsregister teken.
- 4.2 Die WKOD gee erkenning aan en spreek sy waardering uit vir die rol wat beheerliggaamverenigings speel en die opleiding wat hulle aan beheerliggaamlede bied. In hierdie verband moet die prinsipaal namens die beheerliggaam die opleiding boekstaaf, wat die volgende moet insluit:
- a) aard van die opleiding
  - b) persone wat opleiding ontvang het
  - c) die poste wat hierdie mense in die beheerliggaam beklee
  - d) die skool se naam
  - e) inhoud, omvang, datum en duur van die opleiding.
- 4.3 Die Hoof: Bestuur en Beheer (en/of die Direkteur: Inrigtingsbestuur-en-beheerbepanning) moet op versoek van hierdie dokumente voorsien word.
5. As 'n lid reeds in die afgelope drie jaar 'n spesifieke opleidingsessie bygewoon het, hoef hy/sy nie weer die opleiding by te woon nie.
6. As 'n beheerliggaam deur die Hoof van die Departement en/of sy/haar afgevaardigde opdrag gegee is om 'n verpligte opleidingsessie by te woon wat deur die WKOD gereël word omdat die beheerliggaam nie sy/haar werksaamhede of 'n gedeelte daarvan behoorlik, effektief en doeltreffend uitvoer nie, en 'n lid nie die beplande opleidingsessie vir sy/haar skool kan bywoon nie, moet hy/sy 'n skriftelike verskoning by die Hoof: Bestuur en Beheer, indien. Dit moet voor die beplande

opleidingsdatum gedoen word, en die spesifieke lid van die beheerliggaam moet geldige redes vir die niebywoning verskaf, en aandui watter opsionele sessie op die rooster hy/sy sal bywoon. Indien 'n lid nie die opleidingsessie kan bywoon nie, moet Bylae A ingevul word. Die prinsipaal moet die betrokke Hoof: Bestuur en Beheer voorsien van die name van diegene wat nie 'n opleidingsessie kan bywoon nie deur 'n formele brief en alle tersaaklike Bylae A's wat hierby aangeheg is, voor die beplande opleidingsessie in te dien.

7. Die prinsipaal, sekretaris en voorsitter van die beheerliggaam moet beheerliggaamlede aanmoedig om die beplande opleidingsessies by te woon.
8. Die voorsitter moet toesien dat die kwessie betreffende bywoning van beplande opleidingsessies vir beheerliggame vooropgestel word en jaarliks tydens 'n beheerliggaamvergadering bespreek word. 'n Bewys dat die kwessie op die agenda van die beheerliggaamvergadering was, 'n afskrif van die behoorlik getekende bywoningsregister van die vergadering en 'n afskrif van die behoorlik getekende notule van die vergadering wat aandui dat die kwessie op die beheerliggaamvergadering aangebied en bespreek is, sowel as die besluite wat voortspuit uit genoemde vergadering, moet behoorlik vir boekstawingsdoeleindes ingedien word.
9. As die beheerliggaam van mening is dat hulle die Hoof: Bestuur en Beheer of die kantoor van die Direkteur: Inrigtingsbestuur-en-beheerbepanning vir 'n spesifieke opleidingsessie wat volgens hul spesifieke behoeftes aangepas is, wil nader, kan hulle dit doen deur Bylae B in te vul.
10. Beplande opleidingsessies oor bestuur- en beheerkwessies is verpligtend vir alle prinsipale. Daar word aanbeveel dat die adjunkhoof en/of onderbevelvoerder en/of 'n skoolbestuurslid die prinsipaal na hierdie opleidingsessies vergesel.
11. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes, veral alle voorsitters en lede van die beheerliggaam.

**GETEKEN:** B WALTERS

**HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:** 2021-06-30